23 Januarie 2023

Geagte Ouers

BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING 2023

Twee van ons verkose ouerlede van die Beheerliggaam, Mnr Etienne Stiglingh se kind het aanbeweeg Hoërskool toe en Me Elize Eloff is aangestel as die Kultuur Organiseerder van ons skool, sodoende het daar 2 vakatures in die Beheerliggaam ontstaan. Mnr Stiglingh was 'n Beheerliggaamlid terwyl Me Eloff as sekretaris vir die Beheerliggaam diens gedoen het.

Die Tussenverkiesing sal Maandag, 27 Februarie 2023 om 18:00 in die skoolsaal plaasvind. Nominasievorms is beskikbaar by die kantoor vanaf 13 Februarie 2023.

Die volgende belangrike inligting vir u kennisname is soos volg:

A. Beheerliggaam word saamgestel uit

1. Die Skoolhoof
2. 6 Ouerverteenwoordigers
3 3 Onderwys verteenwoordigers
4. 1 Administratiewe personeel verteenwoordiger

B. Registrasie van kiesers

Datum : 27 Februarie 2023
Tyd : 17:30 tot 18:00
Plek : Skoolsaal
Let wel: Slegs ouers van ingeskrewe Gr. R – Gr. 7 leerders.
Bring u identiteitsdokument en 'n pen saam.

C. Nominasievergadering

Datum : 27 Februarie 2023
Tyd : 18:00-18:15
Plek : Skoolsaal
Let wel: Nominasies sluit stiptelik om 18:15 op 27 Februarie 2023

D. Voorbereiding van stembriewe: 18:15 – 18:30

E. Voorstelling van genomineerdes: 18:15 – 18:30

F. Verkiesingsvergadering

Datum	:	27 Februarie 2023
Tyd	:	18:30
Plek	:	Skoolsaal

G. Belangrike inligting

- 'n Kandidaat kan op twee maniere genomineer word

  a. Deur 'n nominasievorm wat **behoorlik en volledig** ingevul is deur die voorsteller, sekondant en kandidaat by die kiesbeampte in te dien, nie meer as sewe dae en nie minder as 24 uur voor die nominasievergadering;

  b. Deur 'n ouer as lid voor te stel tydens die nominasievergadering, mits nog 'n ouer wat teenwoordig is, die voorstel sekondeer en 'n nominasievorm **behoorlik en volledig** ingevul is deur die voorsteller, sekondant en kandidaat by die kiesbeampte toegestaan word vir hierdie doel.

- Nominasievorms sal beskikbaar wees in die kantoor vanaf Maandag, 13 Februarie 2023. Nominasievorms moet by die skoolkantoor ingedien word wat in 'n geseëlde posbus geplaas word vir die kiesbeampte.

- As meer kandidate voorgestel word as die aantal lede wat verkies moet word, sal 'n stemming gehou word. Indien daar slegs een ouerlid voorgestel is, sal geen stemming plaasvind nie.

- Slegs wettige ouers en/of voogde van ingeskrewe leerders by Laerskool Elarduspark van Gr. R tot Gr. 7 mag stem, 'n kandidaat, sekondant en/of voorsteller wees.

- Slegs twee wettige ouers en/of voogde per leerder van Laerskool Elarduspark mag stem.

- **Volmagstem (Proxy votes) –** Vorms is by die skool beskikbaar vir ouer(s) wat 'n volmagstem namens 'n ander wettige ouer(s) en/of voog(de) van ingeskrewe Gr. R – Gr. 7 leerders van Laerskool Elarduspark, kan stem vir kandidate wat genomineer is. Ouers en/of voogde wat byvoorbeeld uitstedig of in die buiteland is, kan hiervan gebruik maak. Slegs twee volmagstemme per persoon is geldig.

- **Kworum**: 'n Kworum vir die tussenverkiesing is van toepassing.
- Indien 'n kworum nie bereik word op Maandag, 27 Februarie nie sal die volgende verkiesing plaasvind op Maandag, 6 Maart 2023.
- 'n Kworum vir die verkiesing op 6 Maart word nie benodig nie.

DR. LOUIS DEY
KIESBEAMPTE (L/s Constantiapark)